

9 November

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8
Fokusgedeelte: Jakobus 1:5, 6

Antwoorde op die vrae van die lewe

Hoe kry mens wat jy graag wil hê? 'n Mens sal seker baie antwoorde hierop kan kry, maar daar is iets wat jy op geen manier kan kry nie, behalwe deur te vra. Jy kan dit nie verwerf of koop of erf nie. Jy kan dit net kry as jy vra, want die Een wat dit gee, gee dit net vir dié wat vra. Dit wat die Here hier vir ons belowe as ons vra, is wysheid. Wysheid is om geloof in al sy fasette bymekaar uit te bring, en dit dan op die lewe toe te pas sodat jy as gelowige *antwoorde kan hê op die vrae van die lewe*. Selfs 'n dwase mens kan akademiese kennis in boeke kry, maar in watter skool word jy geleer hoe om deur swaarkry te groei?

Jakobus leer ons dat jy wysheid nodig het om in beproewings die regte antwoorde te kry op die baie vrae wat dan in jou kop en hart maal. Dit gebeur maklik dat 'n mens tydens beproewings teen God in opstand kom en dan in die beproewingsgolwe sink. Maar juis dan moet jy aan die Here vasgryp. Toe Jesus vir Petrus beveel het om op die water na Hom toe te kom, is hy heeltetal uit sy gemaksonde gehaal. Toe hy op die water is en die golwe sien, het hy begin twyfel en gesink. Maar toe kyk hy na die Here en verwag sy redding van Hom.

Dan moet ek egter nie twyfel nie. Dan moet ek vir God op sy Woord vat dat Hy sal gee wat Hy belowe het, en Hy sê dat Hy sonder voorbehoed en sonder verwynt sal gee.

Bid daarom gelowig om wysheid sodat jy God se antwoorde op die lewensvrae kan ontvang, bid om die Gees van God wat jou sal lei. Maar bid gelowig met die wete dat God wil voorsien. *Hy is die Bron wat so baie het dat Hy meer kan gee as wat die arm man nodig het, en ook meer kan gee as wat die rykste man besit.*

Het jy wysheid nodig? Vra en vertrou God dat Hy sal gee.

Sing: Skrifberyming 11-3:1, 2

Dr PC van der Walt (Pietersburg-Suid)